HOËRSKOOL RANDBURG
AKADEMIE • SPORT • KULTUUR

ALGEMENE OUEROMSENDBRIEF NOMMER 24 VAN 2021

Geagte Ouer/Voog, Personeel en Leerders

Toetsreeks

In die lig van die President se aankondiging van 'n vlak-3 inperking vanaf 16 Junie 2021 is ons genoodsaak om ons reëlings vir die toetsreeks te wysig. Veranderinge tree eerskomende Maandag in werking.

Alles bly dieselfde, behalwe dat gr. 10- tot gr. 12-leerders in ander lokale toets gaan skryf. Hulle kyk reeds elke oggend in die vierkant op lyste waar hulle die dag se vakke skryf en die praktyk word nét so voortgesit. Lokaalaanwysings is noodgedwonge aangebring omdat daar nie meer as 50 mense in 'n lokaal mag vergader nie.

Kovid-19-statistiek

Ons Kovid-19-syfers het gedurende hierdie week skerp gestyg. Vandag is daar gelukkig slegs een nuwe geval aangemeld. Aangeheg is ons Kovid-19-statistiek soos op 18 Junie (vandag) om 10:30.

Hoërskool Randburg: Kovid-19-statistiek										
Dag		Ma	Di	Wo	Do	Vry	Ma	Di	Do	Vry
Maand		Junie					Junie			
Datum		7	8	9	10	11	14	15	17	18
Personeel	Aantal Kovid-19-positiewe gevalle vanaf 15 Februarie 2021	5	5	6	6	6	9	10	10	10
	Herstel van Kovid-19	4	4	4	4	4	5	5	5	5
	Netto Kovid-19-positief in isolasie	**1**	**1**	**2**	**2**	**2**	**4**	**5**	**5**	**5**
	Self-isolasie: direkte kontak met positiewe geval	**1**	**1**	**2**	**3**	**3**	**4**	**3**	**4**	**4**
	Komorbiditeit afwesig (werk van die huis af)	0	0	0	0	0	0	1	1	1
Leerders	Aantal Kovid-19-positiewe gevalle vanaf 15 Februarie 2021	22	23	23	25	26	35	37	47	48
	Herstel van Kovid-19	15	15	16	16	16	16	20	21	21
	Netto Kovid-19-positief in isolasie	**7**	**8**	**7**	**9**	**10**	**19**	**17**	**26**	**27**
	Self-isolasie: afwesig en simptomaties (skryf nie toets nie)	**29**	**46**	**55**	**0**	**0**	**0**	**0**	**8**	**10**
	Komorbiditeit afwesig (werk op Google Classroom)	2	3	2	0	0	0	0	0	0
TOAAL	Aantal Kovid-19-positiewe gevalle vanaf 15 Februarie 2021	27	28	29	31	32	44	47	57	58
	Herstel van Kovid-19	19	19	20	20	20	21	25	26	26
	Netto Kovid-19-positief in isolasie	**8**	**9**	**9**	**11**	**12**	**23**	**22**	**31**	**32**
	Self-isolasie:	**30**	**47**	**57**	**3**	**3**	**4**	**3**	**12**	**14**
	Komorbiditeit afwesig	2	3	2	0	0	0	1	1	1

Ons wys ook weer ons aangepaste "wensgrafiek" waarop positiewe gevalle teen 'n tiendag-projeksie aangedui word.

Blou wys projeksies van Maandag en rooi wys projeksies van vandag met die "ideale" aanname dat GEEN verdere positiewe gevalle aangeteken sou word nie.



Ons vertrou die toetse verloop goed vir ons leerders en dat hulle die punte waarvoor hulle werk, sal kry.

Bly asb. waaksaam in ons voorkomende stryd teen Kovid.

Vriendelike groete.

P BOOYSEN: Hoof